

ST. NEREUS & ACHILLEUS

12 MEI

(1ste eeu)



Min is eintlik bekend oor die lewens van hierdie vroeë Romeinse martelare. Volgens pous Damasus was hulle soldate en lede van die elite Praetoriaanse Wag wat deur die Apostel Petrus tydens sy verblyf in Rome tot die Christelike geloof bekeer is. Omdat hulle nie hul nuutgevonde geloof met hul loopbaan as soldate kon versoen nie dros hulle, maar word gevang en na die eiland Terracina verban. Daar is hulle gedurende die regeringsjare van keiser Trajanus onthoof. Hulle is blykbaar in die begraafplaas van Domitilla langs die Via Ardeatina begrawe. 'n Ander weergawe is te vinde in die legendariese 'acta' van hul lewens wat vertel dat hulle twee diensknegte was in die huishouding van die Christelike Romeinse edelvrou, Flavia Domitilla. Toe sy as gevolg van haar geloof eers verban en toe doodgemaak is, het hulle in haar lot gedeel. Die vroeë Christene in Rome het groot inspirasie geput uit die verhale oor die lewens van die martelare en kon so onder moeilike omstandighede en met groot moed en dapperheid die Christelike geloof van een generasie na die volgende deurgegee.